KAMMANUUS
'n publikasie van onsdorp.com

TOULEIER AUGUSTUS 2024 No 510

Ogusmaand se winde is op ons! Dis nog steeds 'n lekker ysige winter en hier in die Kaap het dit weer begin reën soos in die ou dae. Sommer dae aanmekaar todat mens nie eens meer lus is vir pannekoek nie.

Nou ja, noudat die weer praatjies uit die weg is, kom ek deel met julle een van daai katspin lekkerkry persoonlike ondervindinge wat so nou en dan oor mens se paadjie kom.

## SOUT VAN DIE AARDE: SUSAN VAN HAWSTON



Nou die dag waag ek dit toe mos weer met my driewiel Shoprider af see toe. Dit kos nogal mooi vooruit beplan want mens moet oor die R43 en die is deesdae besiger as uitval tyd in Jô burg. Sommer heel dag. Waarheen almal so gedurig op pad heen is sal ek seker nooit weet nie. Om by die robots oor te steek beteken ek moet teer langs hou want party sypaadjies is nie gebou met ons tipe rygoed in gedagte nie. Driewiele is nie die stabielste ryding nie en as die sypaadjie nie 'n afklim plek het daar waar jy wil oor die straat nie, beteken dit omdraai en weer 'n ent terug. Dis waar die beplanning inkom. By die verkeersligte self neem jy ook maar jou lewe in eie hande want jy moet jou oorsteek so beplan dat jy vinnig, voor die verkeer agter jou wegspring en sorg dat anderkant kom voor die ligte weer groen word vir die hoofstroom.

Dan piekel ek maar aan in die fietsry baan met die verkeer agter my wat darem effe wyd om my hou. Ek verkies om hulle direk van voor aan te durf maar mens voel maar uit plek uit aan daai kant van die pad.
Met dieselfde vooruitbeplanning van waar om oor te steek en waar om aan die verkeerde kant te ry, begin ek die terugrit kort voor middagete. Eers ry ek by die visman verby, ons het laas stry gekry. Skielik besef ek hy sit nie op sy gewone plek op die winkel se stoep nie en ek draai kortom. En glo my daai driewiel kán skielik omdraai. Stop voor die winkel en roep die meisie uit. Hulle ken my nou al. 'n Ou Katar streek van my om by die voertuig bedien te word. Terwyl ek wag vir die stokvis en tjips om deur die deeg en die warm olie te swem, haal ek my selfoon uit my dik baadjie se sak en betaal solank met 'n EFO.
Diep in gedagte merk ek skaars die kleurling dame wat vlak voor my verbystap. Dan steek sy vas. Huiwer vir 'n oomblik, en kom terug. "Het oom nie dalk oom se beursie laat val nie?" vra sy beleefd. Party keer wonder ek of ons nie effe aspris 'oom' genoem word nie. Sy beduie na die anderkant van die Shoprider. Daar lê hy! My eige beursie! Hy het seker met die uithaal van die selfoon uit my baadjiesak geval.
"Baie baie dankie!" sê ek met oortuiging. "Niksie oom" kom die antwoord en sy draai om en vat weer pad. Skielik besef ek, dankie is nie genoeg nie. "Haai," roep ek agter haar aan en wink haar terug. As sy vraend nader staan stop ek haar twintig rand in die hand. Suinige vrek wat ek is.

Dan vra ek haar haar naam. "*Sanna meneer*" en ek let op hoe die aanspreekvorm verander het. *"Hoekom ek wil weet Sanna, is omdat ek graag 'n ietsie hieroor wil skryf vir die koerant,"* lig ek haar in.
" *In daai geval, noem my liewer Soozin from Hawston, meneer*" merk sy op met 'n breë tandelose glimlag.

*Hennie en Annabelle*

# BRIEWE UIT BELGIË




Laas maand het Elsbeth vertel hoe die lewe is in Olegem. Ons sluit weer by haar aan



In daardie selfde baan tussen die bosse woon daar mense op groter stukke grond. In een van die huise woon 'n ou man van 90 jaar. Sy naam is Raymond Vervloet.
Sy vrou is al oorlede en hulle het geen kinders gehad nie. Hulle het altyd so 'n ou hond gehad. Toe hulle na ons troue gekom het, het hulle gevra of hul die hond mag saambring, Terry, was die hond se naam. Terry het ook aan tafel gesit – baie snaaks.



Ons noem hom altyd Mnr Vervloet. Hierdie ou man se ouers het seker 'n 100 jaar gelede 'n koffiebrandery gehad in Antwerpen en dan ook so 'n paar Herehuise besit in die stad. My skoonma het elke dag saam met Grietjie Vervloet geëet. Sy was maar soos een van die familie.

Mnr Vervloet het jare gelede gehoor dat ek van maaskaas hou met sprietuie in en as ek weer sien het hy by die beste plek in die stad dit gaan koop en dit by die huis kom aflaai. Nou terug by die huis in die stad.



Ons moes toe stad toe trek en voor ons troue het die Vervloets vir my skoonpa gevra of hy die mure sal plak met muurpapier en verf. So is die plek spesiaal vir ons in orde gebring. Hierdie groot ou Herehuis het toe weer lewe gekry.
Groete Elsbeth

# SPREEKWOORDELIKS

Al ooit gewonder wat die verskil tussen 'n Spreuk, 'n Spreekwoord en 'n Idioom is?




**'n Spreuk**, bv. dié van Salomo en Langenhoven, bevat altyd 'n sedeles.
*Hoe korter jy jou kuier maak, hoe gouer sal jy weer genooi word.*
*~ C.J. Langenhoven*

**Spreekwoorde**
'n Spreekwoord is 'n stukkie waarheid of wysheid wat in die volksmond ontstaan het en wat as 'n algemene waarheid beskou word: *Hy staan met sy een voet in die graf.*
Betekenis: Hy is so na aan die dood asof sy een voet reeds in die graf is.

**Idiome**
'n Idioom is ook 'n spreekwoord, maar het gewoonlik 'n dieper betekenis wat uit die tradisies, geskiedenis en leefwyse van 'n volk gegroei het. Dis waarom idiome in Afrikaans nie noodwendig in Engels beskikbaar is nie. Dit is nie altyd moontlik om die betekenis van 'n idioom uit die woorde af te lei nie, en maak baie gebruik van figuurlike spraak.

Jy kan dit vir die bobbejane vertel. Betekenis: Ek glo dit nie



Oor die volgende paar maande gaan ons so bietjie dieper delf in die oorsprong en betekenis van veral spreekwoorde. Sommer ook 'n klomp oues ook opdiep wat nie meer in algemene gebruik is nie
Hier is een:
*So kwaad wees soos oom Paul se bobbejaan (baie kwaad wees vir iemand wat nie die oorsaak daarvan is nie)*

Volgens oorlewering het oom Paul Kruger 'n bobbejaan aangehou. Op 'n koue dag was daar 'n vuur naby die paal waaraan die dier vas was. Die bobbejaan het gedraai, sy stert deur die vuur geswaai en na oom Paul gehap wat toevallig aan die verbystap was.
**Kom ons skop af met A:**

*Sy is 'n regte Amasone* (verwys na ´n erg robuuste vrou)

Volgens oorlewering 'n strydlustige groep vroue met geamputeerde regterbors om pyl en boog beter te hanteer. In Grieks beteken a-mazos "sonder bors".

Kyk of jy die volgende een self kan ontleed:

***Met argusoë kyk*** *(Antwoord elders in die nuusbrief)*



# Dié Maand se Giggels

























# SKUD EN SKOMMEL PIZZADEEG

Liewe Lesers,

Hoe ouer ek word hoe makliker en vinniger wil ek kosmaak. En hoe moeiliker word dit om self te onthaal. Ek dink ek begin 'n kluisenaar word! En die ergste is, is dat ek dit al meer begin geniet! En dit geld ook vir uitgaan. Dis net soveel makliker om rustig tuis te bly in jou 'huisklere'!

Tog raak mens, ook maar mens, belustig vir 'n ou pizzatjie of so! En dan is ek dankbaar vir hierdie Skud en Skommel Pizza Deeg van Annette Human van Wenresepte faam!

## **So Maak Mens**:

Plaas 750 ml bruismeel,

200 ml kookwater,

200 ml sonneblomolie en

5 ml sout in 'n groot plastiekhouer met deksel wat dig seël. ('N groot Ziplock sakkie het my al gered) Sit deksel op en skud dit goed op en af, heen en weer totdat dit 'n deeg vorm.

Druk deeg liggies in twee sirkels van sowat 25 cm in deursnee.

Rol net die deeg lekker dun uit

Plaas 'n vulsel van jou keuse op en bak op matige rooster vir sowat 30 minute lank.

Of in voorverhitte oond by 180 grade C vir 30 minute !

Voila!

Groetes Retha

# Spreekkamerstories

## Met 'n lepel vol lag

Dr. Fana Malherbe



'n Man staan een oggend op met laringitis wat so erg is dat hy besluit om op pad werk toe by sy dokter se huis langs te ry.

Hy klop aan die deur en toe die dokter se vrou, nog met haar nagrokkie aan, die deur oopmaak, fluister hy: "Is die dokter by die huis?"

"Nee," fluister sy terug . . . en trek hom by die deur in.



Tydens een van sy skoolbesoeke moes die distriksgeneesheer 'n goed ontwikkelde standerdvyfmeisie ondersoek omdat dié so vinnig gewig aangesit het en dikwels olik was. Na sy ondersoek vra hy vir haar: "My meisie, sê nou vir my, waarom dink jy word jy so vet?"

"Omie, my ma sê dis water."

"Ja," antwoord hy. "Dis waar, daar is water. Maar Omie dink daar swem 'n vis in daardie water!"



# NOG 'n PAAR GIGGELS

## Lelike mense kry eie gedenkteken

Die heel eerste gedenkteken vir lelike mense gaan onthul word in die dorp wat bekend staan as die wêreld se hoofstad vir lelike mense.

Die standbeeld van 'n lelike man wat in 'n spieël kyk gaan in Piobicco in Italië onthul word as deel van die Fees vir Lelike Mense.

"Elkeen kan in die spieël kom kyk of hulle ook lelik is," het Telesforo Iacobellu gesê. Hy is die president van die Wêreldvereniging vir Lelike Mense.

* * * *

BARRY HILTON GRAPPIE

"Ek was baie lelik toe ek klein was. Elke keer as ek in die sandput gespeel het, wou die kat my toekrap."

## Vra verskoning vir vet vrou

'n Dokter van New Hampshire staar 'n dissiplinêre aksie in die gesig omdat hy 'n oor - gewig pasiënt aangeraai het om gewig te verloor as sy nie ernstige probleme wil ontwik-kel nie.

Dr. Terry Bennett het sy apo-logie op skrif gestel, maar die prokureur-generaal se kantoor wil hê hy moet 'n "mediese opvoedingskursus" loop en erken dat hy 'n fout gemaak het.

"Ek het baie foute in my lewe gemaak," sê Bennett, "maar om aan iemand die waarheid te vertel was nie een van hulle nie."



Hierdie foto is in 2020 geneem. Hierdie ou is Ken Sukiyaki. Hy is 35 jaar oud. Hy het 2 kinders. Sukiyaki hardloop nooit nie, slaap laat. Eet wat hy wil. Drink bier in plaas van water.

Wat het Sukiyaki gedoen om so 'n liggaam te kry? Sukiyaki het geen geheime nie. Sukiyaki is die persoon wat in die linker onderste hoek van die foto sit... Wat die man wat in middel staan betref, ek ken hom van geen kant af nie

Ek het hierdie van die Wolk afgelaai..





Geloof is om te glo in iets wat jy nie kan sien nie, soos jou voete!

"Takt is die vermoeë om ander mense te beskryf soos wat hulle hulself sien."
– *Abraham Lincoln*

"'n Mens se lewe is van netsoveel belang vir die heelal as dié van 'n oester."
- *David Hume*



# Hoeveel hiervan kan jy nog onthou?

## Kinderdae se nostalgie

☐ Honderde muskietbyte, stukkende knieë en repe vel wat afdop in die somer.

☐ Taai toffie-appels en sand in die swemklere en oral.

☐ "Cowboys en kroeks", 'rounders', 'foefie-slide' en boomklim, modderkoekies bak.

☐ Skool toe loop of fietsry - ongeag die weer.

☐ Jagertjie speel tot jy op die gras neerslaan sonder asem. Lag tot jou maag pyn,

☐ Rondomtalie draai tot jy dronk-dronk val. Moeg en vuil gespeel - onthou jy?

☐ Die groot verleentheid om laaste vir daardie kant gekies te word.

☐ Waterbomme en kleilat was jul grootste wapens.

☐ 'n Stukkie karton in die speke het jou fiets laat sing.

☐ Kan jy nog proe en ruik: die droë jelliepoeier uit die pakkie; of droë Milo vir sjokolade; yslollies van aanmaak-koeldrank in Tupperhouertjies gevries; jou eie suurpoeier van versiersuiker en Eno's; borrels blaas met seepwater en 'n strooitjie,

☐ Lang ure se kook aan kondensmelk tot karamel; Wilson's en pienk toffies; taai malvalekker vissies en lang stukke liquorish of drop.

☐ Onthou jy toe die enigste tekkkies wit seilskoene was, maar jy hulle net vir LO gemag dra het.

☐ Dit was nie vreemd om twee of drie 'beste' maats te hê nie. Niemand het betaal vir 'n troeteldier nie. As jy gelukkig was, het jy 'n R2-noot vir sakgeld of vir die kermis gekry.

☐ Almal se ma's was by die huis as die skool uitkom.

☐ Die lekkerte van by die padkafee gaan eet - uiteet by 'n restourant of

hotel was taboe vir kinders.

☐ Onthou jy toe niemand 'n wenkbrou sou lig nie as enige ouer 'n kind berispe of in die werk steek nie, en almal op die werf kos gee as dit etenstyd is.

☐ Om by die skool gestraf te word, was niks in vergelyking met wat tuis wag as ma daarvan hoor nie.

☐ Ons was doodbang - nie vir aanranding, dwelms, bendes ens. nie. Grootmense was 'n groter bedreiging - baie van ons is vandag nog bang vir wat Pa daarvan sal dink.

☐ Die ergste wat jy van die 'ander' geslag kon kry was kieme.

☐ 'n Wapen by die skool was die BIC pen 'pea shooter' waarmee jy klasmaats agter die oor probeer piets het, of dalkies 'n kettie op die speelgrond.

☐ 'Verdowingsmiddel' het beteken Melk van Magnesia of Lewensessens.

☐ Roomys was kos; en moed is ontdek as iemand jou "dare". Ouer broers was die grootste boelies, maar ook die beste beskermers.

☐ As jy die meeste van die dinge onthou, dan het jy G E L E W E

# MERKSENTRUM – Dag 1

Deur Yulandi *Steenkamp*



en Blikkies

Graad 12 vraestelle merk is 'n baie lekker bonus wat hoërskoolonderwysers met twee hande aangryp. Die geldjie maak dat Januarie 'n gewone maand soos enige ander is en nie met 57 dae nie.

Vroegmiddag teen eenuur daag ek op by die hoërskool waar ek vir die volgende 10 dae soos 'n slaaf gaan merk. Hierdie is my kans om oor my lewenslange obsessie met my rooi pen te kom.

Wat 'n pragtige plek. Daar is baie beton oral met pragtige uitgesoekte stukkies tuin. Die sekuriteitswag is nie seker waarheen ek moet gaan nie en gee vae verduidelikings. Ek voel in my beendere dat my geduld nog baie getoets gaan word.

Ek stap na die eerste gebou en word aangesê om by die volgende gebou te gaan registreer. Nou voel ek so tuis, dis so eg Suid-Afrikaans. Iesegrimmig dink ek dat dié weer 'n see nodig het, die hitte klou aan my lyf soos klitsgras. Die Laeveld in al sy glorie is so warm, daar val gaar voëls uit die lug uit.

**...Dit voel asof iemand die sifdraad tussen hier en die hel gebreek het.**

Teen die muur is 'n plakkaat wat my moed in my skoene laat sak. In groot vet letters verkondig die inligting ek het geld nodig vir 'n sleuteldeposito. Ek sug en draai om met my moed baie naby aan my skoene en stap terug kar toe in die versengende, skroeiende Son. Warm weer kan ek hanteer, ek bly immers in die Laeveld, maar dit voel asof iemand die sifdraad tussen hier en die hel gebreek het.

Registrasie is tjoef-tjaf afgehandel. Ek vra weer rigting. Ek moet nes skrop voor oriëntering. My geduld meter is amper in die rooi. Met 'n vae idee waarheen om te gaan klim ek in my karretjie en sit die lugversorger op maksimum. Ek ry terug hek toe en kry die koshuis wat die volgende 10 dae my tuiste sal wees.

Natuurlik is die hek gesluit. Ek stap weer hek toe met die Son wat daarop uit is om my vas te keer en te verskroei. 'n Baie vriendelike dametjie, wat my mevrou noem – ek weet nie of ek belangrik of oud moet voel nie – "Help my asseblief!" sê ek met 'n puppy dog face.

Twee stelle trappe later stap ek in my kamer in wat ek met Adel deel. Ek is geskok dis letterlik 'n kamer met twee enkel bedjies, twee skooltafels en 'n baie klein ingeboude kassie. Die dakwaaier draai teen 'n triestige spoed wat my laat ween. Teen die muur is die toestel wat die dakwaaier beheer. Tot my bittere teleurstelling draai die knop al in die rondte en het geen effek op die waaier nie. Ek is lus en gaan sit nors in die hoek en ween verder!



Adel skitter in haar afwesigheid en het eerste die bed by die venster gedeps. Ek sou Adel later ontmoet. Dit is mos vreemd om 'n kamer – veral 'n kamer met koshuis afmetings – met 'n vreemdeling te deel. Ek bly positief en is seker daarvan ek en Adel nog groot pelle gaan raak.

Adel het 'n staanwaaier maar daar is geen muurprop in die kamer nie. Ek het 'n verlengingskoord. Met 'n bietjie kreatiewe inprop en verlenging skree ek Eureka! Ons het krag in ons kamertjie. Die simbiose wat volg is alreeds tot my voordeel en hare. Humiditeit verander my kapsel in 'n krullebol wat geen mens kan tem nie.

Aandete: Hoender, aartappelslaai, spinasie, rys met 'n sousie wat byt.


Dis nege uur en ek is pê! Gewoonlik is ligte uit teen 11 uur vir my. Ek luister bietjie musiek skryf 'n vinnige stukkie en val soos 'n vrotvel op my bed neer en slaap.


## BREINBOELIE

Leon lieg 6 dae van die week. Op een dag vertel hy die waarheid. Op drie agtereenvolgende dae maak hy die volgende stellings:
Dag1: Ek lieg op Maandag en Dinsdag.
Dag2: Vandag is dit of Donderdag, Saterdag of Sondag.
Dag3: Ek lieg op Woensdag en Vrydag.
Op watter dag vertel hy die waarheid?

ANTWOORD ELDERS IN KAMMANUUS







# AGTEROS



## RICH MAN POOR MAN

Dana Snyman




"O hel, hier's die Prinsloos !" roep my pa en vlieg van sy Lazyboy af op.

Hy skakel die TV af en loer deur die gaping tussen die gordyne. My ma sluit die voordeur. Toe draf ons in die huis se donker gang af, ek en my pa en my ma. Ons weet al wat om te doen as die Prinsloos by ons wil kom TV kyk. Hulle het mos nog nie hul eie TV nie, die Prinsloos. Nou ry hulle saans in hul krok van 'n Corona in die dorp rond, op soek na iemand om by te kyk — veral op 'n Donderdagaand want dan is dit Rich Man, Poor Man.
Almal op die dorp kyk Rich Man, Poor Man. Ons drie skiet by my Ma-hulle se donker kamer in. Daar is nie nog tyd vir gordyne toemaak en pajamas aantrek nie. Ons seil net so in ons klere onder die dubbelbed se deken in. Buite onder die straatlig op die sypaadjie het die Prinsloos klaar uit die Corona geklim. Ons lê stil op die bed. Ons maak asof ons slaap en hou hulle deur die venster dop. Die Prinsloo-pa stoot die hekkie oop. Agter hom is die ma, krullers in haar hare. Die twee sussies hardloop oor die grasperk, reguit na my pa se visdam toe. Heel agter kom die kleinboetie in die trui met die uitgerekte moue wat oor sy hande hang. Hy dra altyd daardie trui, die boetie. Die kinders by die skool sê dit is om die omlope op sy arms weg te steek want as juffrou sien jy het omlope bel sy Welsyn en dan kom haal hulle jou. "Regte fietas," fluister my pa. "Kyk net." Ek lê naaste aan die venster, dan my ma, dan my pa. Die buitelig kleur die Prinsloos se lywe geel. Die twee sussies tel klippe in die rotstuin op en gooi dit in die visdam. Die boetie klim op die gipsarend wat my pa by die kwekery gekoop het en begin die arend soos 'n perd ry.

**...die droë blare kraak onder hulle voete...**



Die pa beduie met die arms en sê iets wat klink soos: "Wil julle hê moet julle gatvelle vir julle aftrek?!" Toe kom die twee sussies en die boetie. Toe verdwyn al vyf om die huis se hoek, na waar die voordeur is. 'n Paar oomblikke later lui die klokkie. My ma sit haar hand op my skouer asof sy bang is ek spring op en gaan maak vir die Prinsloos oop . Die klokkie lui weer. En weer. "Ag, heiden tog," sê my pa. "Kan hulle nie sien ons gaan nie oop maak nie?" "Sjoes net," sê my ma. "Hier kom hulle." Die Prinsloos kom langs die huis afgestap. Ons kan hulle nie sien nie maar ons hoor hulle; die droë blare kraak onder hulle voete en een krap met iets teen die muur. 'n Ander een klop aan 'n ruit. 'n Klip op die dak rol "ka-klang, ka-klang" af tot in die geut. Hulle kom al hoe nader. Toe opeens is al vyf Prinsloos op die grasperk voor die venster met hul geel lywe. Die pa se maag steek onder sy hemp uit. Die ma se hand rus op die boetie met die omlope se skouer. Hulle stap nader en druk hul gesigte teen die ruit, hande langs die koppe. Hulle kyk na ons en ons kyk deur skrefiesoë na hulle terug.
*Rich Man, Poor Man gaan nou begin*!

**SPREEKWOORD ANTWOORD**
**Argusoë: (wanneer mens besonder waaksaam en oplettend is)**

**In die Griekse mitologie was Argus 'n mensagtige monster met 'n honderd oë waarvan sommige altyd oop was. Hy moes Zeus se geliefde Io oppas.**

ANTWOORD OP BREINBOELIE : DINSDAG

Ons weet Leon praat die waarheid op een van die dae van die week.
As sy stelling op dag 1 onwaar is, beteken dit mos hy praat die waarheid op Maandag of Dinsdag.
As die stelling op dag 3 onwaar is, beteken dit hy praat die waarheid op Woensdae of Vrydae.
Omdat hy slegs op een dag nie lieg nie, outomaties onwaar.
Veronderstel die stelling op dag 1 is waar.
Dan beteken dit dat die stelling op dag 3 onwaar is, en dat hy dus op Woensdag of Vrydag die waarheid praat.
So dag 1 is 'n Woensdag of 'n Vrydag.
Dus is dag 2 'n Donderdag of 'n Saterdag.
Dit beteken egter dat die stelling op dag 2 waar moet wees, wat nie moontlik is nie.
Dus is Dag 1 en Dag twee se stellings dus onwaar.
Volgens stelling 3 dan, is die dag waarop hy die waarheid praat 'n Maandag of Dinsdag is.
So dag 2 is dus 'n Sondag of Maandag.
En omdat stelling 2 onwaar is, beteken dit dat dag 2 'n Maandag is.
Dus is dag 3 'n Dinsdag en daarom is dit die dag wanneer hy nie lieg nie.

**TOT VOLGENDE MAAND!**